Paraatheid

"Ons is nie net verantwoordelik vir wat ons doen nie, maar ook vir wat ons nie doen nie."
- Molière

Doelwit: *Om die Verkenner op te lei om in 'n noodsituasie paraat te wees.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
3. 'n Voortrekker aanvaar gesag.
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Tydens die afhandeling van die spesialisasie gaan die Verkenner hom daarop toespits om die optimale veiligheid van homself en ander te bewerkstellig. Die B en C van die ABC word hoofsaaklik hier aangespreek. Deur die kursus te deurloop sal die Verkenner kennis opdoen oor die identifisering van gevaarlike toestande en praktyke. Die Verkenner sal ook ander persone oor die situasies kan inlig en waarsku. Deur al die dinge te doen en tyd daaraan te spandeer kry die Verkenner die geleentheid om God se skepping te waardeer. Die kursus ontwikkel die Verkenner se leierseienskappe en leer hom ook om verantwoordelikheid vir ander se veiligheid te aanvaar.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word.		
Toekennings instansie:	Kommando, GGA-instansie		

Uitkomste

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die volgende aspekte van rampbestuur:*
   - *1.1 Die doel sowel as die doelstellings van rampbestuur.*
   - *1.2 Die rol van rampbestuur.*
   - *1.3 Die betrokkenheid van die individu, die gemeenskap en die privaatsektor.*
   - *1.4 Die implikasies van die wetgewing ten opsigte van rampbestuur op die drie regeringsvlakke.*
   - *1.5 Sy plaaslike rampbestuur ken en met hulle kontak maak.*
2. *Vertroud wees met die volgende:*
   - *2.1 Noodvoedselvoorraad en die beginsel van noodvoeding.*
   - *2.2 Die inhoud van 'n noodkas (oorsigtelik, want dit verskil van situasie tot situasie).*
   - *2.3 Persoonlike benodigdhede (rugsak en tas).*
3. *Vertroud wees met optrede in die volgende noodsituasies:*
   - *3.1 Onderbreking van watertoevoer en sanitasie.*
   - *3.2 Onderbreking van elektriese krag.*
   - *3.3 Brand.*
   - *3.4 Ophoping van vuilis.*
   - *3.5 Tydens huisontruiming.*
   - *3.6 Enige persoonlike krisissituasie.*
   - *3.7 Misdade soos handsakroof, OTM-roof, gyselaarsituasies en kapings.*
4. *Opgelei word in basiese selfverdedigingstegnieke.*
5. *Die verantwoordelikhede vir die implementering van die noodplan skriftelik aan sy gesinslede toedeel.*
6. *'n Lys van noodnommers saamstel.*